



KRUGER

Internasionaal

Die Aftree- & Beleggingspesialiste

DIE STRANDLOPER

Hierdie is die sesde verslag vanjaar.

Politiek

- Die probleme wat die afgelope paar weke in die RSA ondervind is met die hantering van vreemdelinge in ons midde het volgens my twee aspekte uitgelig, nl eerstens die onvermoë om die instroming van buitelanders te bestuur – dis soortgelyk aan die wanbestuur van Eskom se probleme – en tweedens die armoedeprobleem van Suider-Afrika asook die res van Afrika. Dis onstellend dat die RSA owerhede blykbaar gehoop het dat die duisende persone wat oor die grense die land binnegestroom het, eenvoudig deur die plaaslike gemeenskappe geabsorbeer sal word en dat dit nie die vraagstuk van dienslewering sou vererger nie. Tans is die probleem waarheen hierdie persone wat deur die plaaslike gemeenskappe uitgegooi is, teruggestuur kan word? Kan hulle na Zimbabwe, Mosambiek, die DRK, Somalië of selfs die plaaslike gemeenskappe teruggestuur word? Hoe word hierdie probleme in die langtermyn opgelos?
- Gelukkig het Zimbabwe nou weer ‘n “verkose” president. Ons sal dit sekerlik weer almal stilswyend kan goedkeur!
- Dis tans baie duidelik dat gewese president Bill Clinton wel vir hom ‘n ander roostuin sal moet gaan soek waar hy die volgende paar jaar kan gaan verwyl.
- Gewoonlik word ‘n Demokratiese party bestuur in die VSA gekoppel aan ‘n nie vriendelike sakeomgewing. Ons sal maar van die kantlyn die ontvouing van die VSA sirkus tot die eerste Dinsdag in November dophou.

Internasionaal

- Die sentrale banke van die groot nywerheidslande se fokus verskuif al hoe meer van die kredietkrisis na die hantering van stygende inflasietendense. Die impak van die kredietkrisis op finansiële instellings en op ekonomiese groei, is egter steeds nie heeltemal afgehandel nie. In die komende maande kan verwag

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal

Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg

Posbus 72260 Parkview 2122

Tel: +27 (0)11 726 7700

Faks: +27 (0)11 219 7111

www.krugerinternasionaal.co.za

Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

word dat die probleme wat steeds in die finansiële sektor van die wêreld ekonomie ervaar word, tot verdere onstabieleit in die finansiële sektor sal lei.

- Die sub-primahuis krisis in die VSA, tesame met die probleme wat tans in die finansiële sektor ervaar word, lei tot swakker ekonomiese groei. Hierdie probleme kan nog 'n negatiewe impak op die volgende twaalf tot agtien maande se groei hê. Terselfdertyd word nie verwag dat 'n resessie of dus negatiewe groei beleef sal word nie. Reële groei van tussen 0.3% en 1.0% word tans in die VSA verwag en word ondersteun deur belastingverligting, laer rentekoerse en rekord uitvoere. Die hoop bestaan dat groei in die tweede helfte van 2008 kan stabiliseer en in 2009 kan versnel.
- In die VK word tans ekonomiese groei van sowat 1.5% verwag weens die ernstige probleme wat in die huismark na vore tree asook die impak wat die probleme in die finansiële sektor het op die beskikbaarheid van likiditeit. Die verwagting is dat groei in die tweede helfte van 2008 asook in 2009 verder sal verlangsaam.
- In Euroland het die eerste helfte van die jaar beter groei as verwag opgelewer, maar groei in die tweede helfte van 2008 sal verlangsaam en dit sal in 2009 voortduur. Groei van sowat 1.8% word in 2008 verwag en 1.5% in 2009. Die groei word benadeel deur die verswakking van die eiendomsmark in veral Spanje en Ierland, die versterking van die euro wat uitvoere benadeel asook die verswakking van uitvoermarkte.
- In Japan verlangsaam groei weens die verswakking van die uitvoermark in die VSA en Europa. Hierdie verswakking word egter teengewerk deur die verbetering van uitvoere na lande soos China, Indië en ander lande in Asië. Groei van sowat 1.5% word in 2008 verwag.
- China poog om groei te beperk weens die ernstige probleem om inflasie wat tans op 7.7% staan onder beheer te kry en tot minder as 5% teen die einde van die jaar te beperk. Groei van sowat 10% word steeds in 2008 verwag. Indië sukkel ook om inflasie wat volgens groothandelpriese in die eerste week van Junie tot meer as 11% styg onder beheer te kry. Die verhoging van rentekoerse bring mee dat groei mettertyd sal verlangsaam.
- Onaanvaarbare inflasie van 4.2% in die VSA, 3.3% in die VK, 3.7% in Euroland is die nuwe fokus van die sentrale banke in hierdie lande. In Japan is kerninflasie van 1.5% die hoogste die afgelope dekade en veroorsaak ongemak by verbruikers. Inflasie word in alle lande aangevuur deur hoër voedsel-, energie- en kommoditeitspriese in die algemeen. Die vrees bestaan nou dat inflasie nie verlig kan word deur lae inflasie van China in te voer nie omdat hulle self met 'n inflasieprobleem sukkel, en dat dit verder kan toeneem deur salaris- en loonverhogings wat meer is as wat produktiwiteit verbeter het. Dit kan tot tweede rondte inflasie aanleiding gee wat prystygings verder sal laat versnel.
- Om hierdie verspreiding van inflasie te keer, sal die sentrale banke rentekoerse verhoog. In die VSA word verwag dat die Federal Reserve Board rentekoerse stabiel sal hou op 2% tot September of Oktober. Die dilemma is dat die swak ekonomie nie tans 'n rentekoersverhoging sal kan hanteer nie, maar dat inflasie wel om 'n verhoging vra. In die VK sit die sentrale bank met 'n soortgelyke probleem en word verwag dat rentekoerse op 5% sal bly tot om en by die einde van die jaar. Weens die swak vertoning van die ekonomie, verwag sommige kommentators selfs 'n verlaging van rentekoerse in die nabye toekoms. In Euroland is rentekoerse van 4% tot 4.25% verhoog omdat die sentrale bank se fokus op die bekamping van inflasie is en nie op die handhawing van groei nie. In Japan word verwag dat

rentekoerse op 0.5% sal bly tot in 2009. In China, Indië, Brasilië en menige ander ontluikende lande kan ook strammer monetêre beleid in komende maande verwag word.

- In al die groot nywerheidslande het kapitaalmarkrentekoerse sedert die begin van die jaar gestyg weens die verstraming van likiditeit, inflasiekoerse wat gestyg het en die verwagting dat korttermynrentekoerse sal styg. In die jongste tyd het hierdie koerse gestabiliseer en ietwat teruggesak weens die feit dat korttermynrentekoerse nie onmiddellik sal styg nie en omdat ekonomiese groei steeds swak is. Die aanduiding is egter dat hierdie koerse in die res van die jaar en in 2009 verder sal styg weens korttermynrentekoerse en inflasie wat styg.
- Die pryse van algemene kommoditeite bly op hoë vlakke en die verwagting dat veral die Chinese vraag na hierdie produkte steeds sterk sal bly, ondersteun pryse verder. Teselfdertyd is die swak vertoning van die finansiële markte en die dollar steeds 'n aanmoediging vir beleggers om van hul fondse na kommoditeite te verskuif. Vooruitskattings dat daar tekorte in sekere kommoditeite is en sal wees, ondersteun ook sekere pryse.
- Die goudprys het die afgelope tyd ondersteuning verkry weens die toenemende vrees dat inflasie moeilik in die nabye toekoms geklop sal word asook die voortgesette swak vertoning van die dollar.
- Die olieprys het weer eens nuwe rekord vlakke behaal in die afgelope paar weke. Hierdie styging is te danke – of te wyte? – aan die vooruitskattings dat die prys \$150/vat of selfs \$170/vat in die nabye toekoms sal haal. Verder word die prys ondersteun deur die verwagting dat enige wanbalans tussen vraag en aanbod nie spoedig uitgewis sal word nie, want dit sal lank neem om nuwe bronne te ontgin en tot bruikbare produkte te raffineer. Die vrees dat politieke onstabieleit in die Midde-Ooste en Nigerië, asook die manewales van Venuzuela se president produksie sal beperk, ondersteun die prys verder. Die aanduiding dat VSA rentekoerse nie binnekort sal styg nie, het beleggers en spekulante aangemoedig om hulself met die aankoop van olie teen die voortgesette swak vertoning van die dollar te verskans. Die olieprys sal verswak indien daar duidelike tekens is dat die vraag na olie verswak en indien die dollar op 'n volhoubare basis verstewig teenoor ander geldeenhede.

Plaaslik

- Plaaslike privaat verbruikers word steeds geknel deur stygende rentekoerse, die impak van die kredietwet en stygende voedsel- en energiepryse. Hierdie probleme word teengewerk deur salaris- en loonverhogings wat tans in die meeste gevalle meer as 10% beloop en dus ook ver bo die boonste inflasiemikpunt van 6% is. Die inkomste van die sowat 13 miljoen inwoners wat afhanklik is van welsynstoelaes is ook gewaarborg – behalwe in gevalle waar persone wat nog leef, deur Binnelandse Sake dood verklaar is – en het sedert April verder gestyg. Die openbare sektor se besteding aan infrastruktuur gaan ook ongehinderd voort behalwe waar stakings en ander ondoeltreffendhede besteding kortwiek.
- Weens die wanbalans tussen vraag en aanbod in die plaaslike ekonomie, asook die skerp styging in die prys van ru-olie, neem die tekort op die handelsrekening toe. Dit word vererger deur die verswakking van die diensterekening weens die uitbetaling van meer rente en dividende aan buitelandse beleggers. Gelukkig het buitelandse beleggers wat hul beleggings in aandele en die kapitaalmark te gelde gemaak het in die eerste kwartaal verkies om hul geld hoofsaaklik in die geldmark te belê en nie dadelik uit die

land te neem nie. Hierdie situasie kan in komende maande moeiliker word indien oorsese rentekoerse styg of die rand verder en vinniger verswak. Die lopenderekening van die betalingsbalans en die finansiering daarvan by wyse van die invloed van korttermyn buitelandse kapitaal kan in die res van die jaar moeiliker word. Die Reserwebank sal hierdie risiko steeds in gedagte moet hou by die bepaling van die monetêre beleid.

- Die sentrale regering se finansies bly gesond, maar die feit dat sowat 'n kwart van die getelde bevolking van welsynstoelaes afhanklik is en die ekonomiese groeikoers verlangsaam, kan die posisie laat verswak. Die jongste inligting dui daarop dat plaaslike owerhede se finansies verder verswak en dat bestuursprobleme by hierdie owerhede toeneem. Daar is nie juis enige rede hoekom hierdie situasie nie ook provinsiale owerhede in die toekoms sal tref nie.
- Inflasie styg verder met geen aanduiding dat hierdie tendens in die nabye toekoms sal verander nie. (Daar is selfs tans vooruitskattings van 18% inflasie.) Dit word steeds aangevuur deur die stygende voedsel- en energiepryse, stygende administratiewe tariewe en belastinge, stygende lone en salarisse en enige verswakking van die rand.
- Die dreinerings van geskooldes uit die RSA samelewing het sedert die einde van 2007 nuwe momentum gekry weens die emigrasie na ander lande. Die permanente emigrasie weens Vigs duur ook voort. Daar is geen aanduidings dat die emigrasie van geskooldes in die voorsienbare toekoms noemenswaardig sal verminder nie. Intussen is daar ook nie aanduidings dat die onderwys- en opleidingsinstansies enige noemenswaardige vordering maak in die voorsiening van geskooldes wat in die ekonomie aangewend kan word nie. Dit kan verdere druk op salarisse en lone en dus inflasie plaas.
- Korttermynrentekoerse sal in die res van die jaar verder styg en hierdie tendens kan in 2009 voortgesit word. Indien inflasie tot 18% sou styg, sal die primakoers tot meer as 20% verhoog moet word – hopelik is dit nie die geval nie, maar lesers moet wel die risiko in gedagte hou.
- Weens die stygende inflasiekoers en die toenemende behoefte aan finansiering vir die openbare sektor se besteding van sowat R750 miljard in die volgende vyf jaar en langer, kan langtermynrentekoerse verder styg.
- Gegewe die toenemende tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans en stygende inflasiekoers, kan verwag word dat die rand mettertyd teenoor die belangrike geldeenhede sal verswak.

Beleggingsomgewing

- Die vrese bestaan tans dat die stygende inflasiekoers, sentrale banke sal noop om rentekoerse te verhoog, selfs voordat daar duidelike tekens is dat die ekonomieë herstel het van die kredietkrisis. Dit kan maatskappywinste in die res van die jaar en in 2009 verder benadeel.
- Terselfdertyd is die verwagting dat die dollar onder verdere druk sal kom omdat VSA korttermynrentekoerse nie in die nabye toekoms verhoog sal word nie, terwyl Euroland koerse vroeg in Julie verhoog is. Dit benadeel die dollar se vertoning egter ook teenoor ander geldeenhede soos die pond en die jen.
- Weens hierdie swak vertoning van die dollar, verskans beleggers en spekulante hulle ook met die aankoop van kommoditeite. Dit blaas ongelukkig die inflasievure verder aan. Kommoditeitsmarkte is in

die algemeen baie kleiner as finansiële markte en kan makliker groot bewegings toon. Sodra die dollar dus verstewig, kan daar groot aanpassings in die kommoditeitsmarkte plaasvind.

- Die aanduidings is dat internasionale langtermynrentekoerse nog geruime tyd hoër kan neig.
- Plaaslike kort- en langtermynrentekoerse kan nog geruime tyd onder opwaartse druk verkeer.
- Die kleinhandel- en finansiële sektore van die plaaslike ekonomie is onder druk en kan ook geruime tyd nog onder druk bly.
- Die openbare sektor se besteding sal steeds voortgaan en sakegeleenthede sal hieruit voortspruit.
- Gegewe die inflasie- en betalingsbalansprobleme, behoort die rand mettertyd te verswak teenoor ander belangrike geldeenhede.
- Gegewe die ekonomiese en politieke omgewing kan dit wys wees vir plaaslike beleggers om hulself teen 'n verswakking van die rand vir die langtermyn te verskans.

Ulrich Joubert

28 Junie/4 Julie 2008.